

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| June 2019 Edition 2

## Africa's queen of the skies



Major Mfeka has taken Africa by storm and is breaking the chains of gender stereotypes.

**Dale Hes**

**M**ajor Mandisa Nomcebo Mfeka has been reaching for the skies since the age of five, when she watched her first airshow. Today, she is Africa's first female fighter jet pilot, flying for the South African Air Force (SAAF) during the nation's most prestigious events, including the recent

inauguration of President Cyril Ramaphosa.

Born in Ntuzuma, Kwa-Zulu-Natal, Major Mfeka became fascinated with aviation when her mother first took her to an airshow at the Virginia Airport in Durban. At that stage, she had no idea that she would one day take to the skies herself.


When she was 16, however, her life changed forever.

● **Cont. page 2**



**Teen joins the fight against crime**

**Page 2**



**Young farmer sows seed for the future**

**Page 7**



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353

**FREE COPY**

**FREE COPY NOT FOR SALE**

# Tiener sluit aan by stryd teen misdaad



■ Junior Polisiekommissaris, Felistas Hamba, wil misdaad regdeur die land beveg.

Silusapho Nyanda

’n Skooldogter van Pretoria se oortuiging dat misdaadbetryding die verantwoordelikheid van oud en jonkis, motiveer haar om een van die SAPD se vlagskip-

programme vir die jeug oor misdaadvoorkoming, te lei. Felistas Hamba (15) en ander junior provinsiale kommissarisse in die land, het in Februarie aan ’n debat- en redenaarskompetisie deelgeneem wat die maatskaplike probleme wat

skole in die gesig staar, ondersoek het.

Hamba se indrukwekkende optrede het daartoe gelei dat sy as Suid-Afrikaanse Nasionale Junior Polisiekommissaris aangewys is.

Hamba se span sluit vier nasionale adjunkkommis-

sarisse, wat van Noordwes, die Oos-Kaap, Limpopo en KwaZulu-Natal af kom, in.

Hulle streef daarna om te verseker dat jongmense ’n bydrae maak om hul skole en gemeenskappe veiliger te maak.

“Misdad raak ons almal. As jy misdaad sien gebeur, moet jy dit asseblief aanmeld,” het sy haar eweknieë versoek. “Dit begin by jou om ons skole veiliger te maak.”

Hulle sal hulle toepsits op fisiese afknouery, misdaadvoorkoming, bende-aktiwiteite en kuberafknouery.

Hamba het besluit om by die program betrokke te raak toe sy besef het dat baie van haar eweknieë nie weet hoe om die misdade wat hulle raak, te hanteer nie.

“As ’n jongmens, wil ek vir hulle ’n platform bied

om ’n verskil te kan maak in die skep van ’n beter toekoms vir almal,” sê sy.

Die Graad 10-leering van Marivate Senior Sekondêre Skool in Soshanguve sê dat innoverende denke deur jongmense nodig is om misdaad in gemeenskappe en by skole te laat afneem.

“Sonder jongmense wat die leiding neem, sal ons land nie vooruitgaan nie,” waarsku Hamba haar eweknieë.

Hamba se pa is ’n polisiebeampte en haar droom is om in sy voetspore te volg.

Die hoof van Hamba se skool, John Mangezi, sê die impak wat sy maak het ’n positiewe invloed op ander leerders in die skool.

“Dit is baie belangrik vir die skool om haar in ons midde te hê, want ander leerders wil soos sy wees,” sê Mangezi. ■



## ● From page 1

“I was researching careers in maths and science and saw a SAAF advert, outlining the requirements to be a pilot or navigator. I realised that I could potentially have a career in aviation and was so excited that I couldn’t sleep,” said Major Mfeka, who is now 29 years old.

Straight after graduating from high school, she joined the air force in 2008 as an airman. She officially achieved her SAAF wings in 2011, and progressed quickly through the ranks to become a qualified pilot and then captain. Today, she holds the esteemed rank of major and flies the British-made Hawk Mk120 from the Airforce Base Makhado in Limpopo.

### Flying above gender and race barriers

Major Mfeka is humble about the incredible achievement of being the first female black African fighter jet pilot.

“I know I am representing a lot of people, but I have achieved this because this is the direction I wanted to go. At the SAAF, I have been surrounded by people who are professionals, people who are ambitious and want to be the best, so I wanted to embody that and be an expert in my career,” she said.

Major Mfeka added that she hasn’t felt intimidated by the male-dominated nature of the field.

“I just had to be more assertive and grow a thicker skin

emotionally. But the SAAF strives for professionalism at all times, so they view men and women as equals,” she said, adding that she sometimes outperformed the men in training or on the academic front.

### Career highlights and soaring higher

Major Mfeka has flown jets at some of South Africa’s most prestigious events. A few years after getting her wings, she was tasked with flying at the funeral of former President Nelson Mandela.

She also fondly remembers being part of a flying formation for Freedom Day in Port Elizabeth, which was led by one of her idols.

“The lead plane was flown

by Colonel Musa Mbhokota, who was the SAAF’s first black fighter jet pilot. He is somebody I look up to very much and I draw such inspiration from him, so it was an honour flying in formation with him.”

Mfeka’s biggest dream is to become the commander of a Gripen jet, the SAAF’s premier fighter jet.

“When I see myself flying that jet, I get extremely excited. I would be so honoured if I could reach that milestone – it would be a dream come true.”

### Major Mfeka’s message for Youth Month

Major Mfeka said that the youth should never let their circumstances stand in the



way of becoming a success.

“Your dreams and passions are an indication of what you can achieve and what you can become. Your potential is not determined by your background. Some people from very impoverished areas have achieved really great things; they did not let their circumstances dictate to them what their life was going to be like.” ■



government communications

Department: Government Communication and Information System  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: 012 473 0089

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Head of Editorial and Production  
Tasneem Carrim | [tasneem@gcis.gov.za](mailto:tasneem@gcis.gov.za)

Editor-in-Chief  
Elias Tibane | [elias@gcis.gov.za](mailto:elias@gcis.gov.za)

Managing Editor  
Ongezwa Mogotsi  
[ongezwa@gcis.gov.za](mailto:ongezwa@gcis.gov.za)

News Editor  
Noluthando Motswai

Writers  
More Matshediso, Jauhara Khan  
Silusapho Nyanda

Senior Designer  
Tendai Gonese

Language Practitioners  
Nomgcibelo Motha  
Boitumelo Phalatshe  
Phakamani Dadlana

Vukuzenzele  
is published by Government  
Communications (GCIS)

All rights reserved. Reproduction of the newspaper in whole or in part without written permission is strictly prohibited.

Printed by: paarlcooldset

Distributed by: ON THE DOT



"DIT IS NOU TYD DAT ONS ALMAL TER ERE VAN NELSON MANDELA MOET SAAMWERK OM 'N NUWE, BETER SUID-AFRIKA VIR ALMAL TE BOU."

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA

#SendMe

LAAT JOU TOEKOMS BETER WEES  
LEER VAN MADIBA



# Bou 'n beter toekoms vir ons jeug

**J**eugetyde word elke jaar in Junie gevier om hulde te bring aan Suid-Afrika se dapper jeug wat op 16 Junie, 1976 betoog het teen die gebruik van Afrikaans as 'n onderrigmedium in ons skole.

Ek glo dat dieselfde veggees steeds in die nuwe geslag jongmense voortleef, wat nou die stryd voer teen die plaag van armoede, werkloosheid en ongelykheid.

Dié jongmense, wat 'n onversadigbare strewe na 'n beter lewe het, het hul onwrikbaarheid en verdraagsaamheid getoon toe hulle saamgestaan het om aan te dring op gratis tersiêre onderrig.

Die skep van 'n stabiele en suksesvolle Suid-Afrika, met 'n inklusiewe ekonomie, is heel bo aan die regering se agenda om 'n beter lewe vir almal te versker. Ons sal voortgaan om ons pogings te verdubbel om die jeug te ontwikkel en te bemagtig sodat hulle 'n bydrae kan lewer tot die voortuiging van ons land.

Hoewel die jeug die grootste deel van Suid-Afrika se bevolking uitmaak, byt hulle die spit af betreffende werkloosheid, armoede en ongelykheid. Hulle word steeds die hardste getref deur siekte, gewelddadige misdaad,



dwelmmisbruik en onderontwikkeling.

Ons, as 'n regering wat omgee, werk hard om te verseker dat jongmense vaardighede, ervaring en die nodige ondersteuning verkry om as werkskeppers, eerder as werksoekers, die wêreld van entrepreneurskap te betree.

Ek het verlede jaar die Jeugwerkprogram (YES-program) geloods, wat ten doel het om jongmense vir werk voor te berei en hulle met die tegniese vaardighede toe te rus wat nodig is om die industrialisasie van die ekonomie te stut.

Die YES-program is 'n gesamentlike poging deur die regering, arbeid en die sakektor, om oor die volgende drie jaar betaalde werksgeleenthede aan een miljoen Suid-Afrikaanse jeugdige te bied. Volgens Navorsing is 5.8 miljoen mense, uit die 15.5 miljoen mense in Suid-Afrika wat tussen die

ouderdom van 18 en 34 jaar is, werkloos.

Met die samewerking van veskeie groot maatskappye wat reeds betrokke is, kon die YES-inisiatief tot dusver 17 000 werksgeleenthede vir werklose jeugdige verseker.

Die regering het die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap gestig vir jongmense wat graag entrepreneurs wil word. Die agentskap bied vaardighedsontwikkelingsopleiding, ontwikkelingsfinansiering, mentorskap, ondersteuning en markskakeling.

Meer as 2 500 nuwe maatskappye het sedertdien befondsing ontvang, wat meer as 10 000 werksgeleenthede in die ekonomie geskep het.

Om optimaal by die vennootskap tussen die regering en die privaat sektor te baat, moet ons verseker dat jong Suid-Afrikaners behoorlik

toegerus is om aan alle sektore van die ekonomie deel te neem. Dit is waarom ons in ons jeug se opvoeding belê.

Ons is vasbeslote om te verseker dat alle kinders, ongeag hul omstandighede, nie toegang tot kwaliteit onderrig, ontsê word nie. Dit word aangevul deur ons strewe om die gehalte van onderrig en leer in ons skole en tersiêre instansies te verbeter.

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het vroeër vanjaar aangekondig dat R967 miljoen toegewys is aan die betaling van foie vir studente met 'historiese skuld'. Hierdie bedrag sal studente help wat geld vir die vorige jaar skuld, deur te verseker dat die skuld hulle nie daarvan weerhou om toegang tot tersiêre onderrig te verkry nie.

Met al die beleggings wat deur die regering vir hulle bemagtiging gemaak is, moet die jeug ook hulle kant bring

om Suid-Afrika te ontwikkel. Hulle moet hulself besig hou met aktiwiteite wat daartoe bydra om die land 'n beter en veiliger plek vir almal te maak. Van ons jong mense is reeds betrokke by wonderlike projekte, klein ondernemings en boerderye in hulle gemeenskappe.

Hulle het 'n proaktiewe besluit geneem om 'n sinvolle rol te speel in die vooruitgang en ekonomiese ontwikkeling van die land. Ons moet meer jongmense aanmoedig om maniere te vind om hul talente en vaardighede in te span om hulle eie ondernemings te begin en werk te skep.

Sodanige eerbare verantwoordelikheid behels weerhouding van alkohol, dwelmmisbruik, misdaad en korrupsie.

Meer belangrik, is dat jongmense hulself teen MIV en ander seksueel oordraagbare siektes moet beskerm deur 'n kondoom te gebruik, hulself te weerhou van vroeë seksuele aktiwiteit en deur gereeld getoets te word.

Suid-Afrika se toekoms is in die hande van die jeug, wat daartoe verbind is om 'n samelewing te skep wat verskil van die een waarin die jeug van 1976 geleef het. Kom ons werk saam om 'n beter toekoms vir ons jeug te verseker. **V**



## OM DIE MZANSI TE BOU WAT EK WIL HÊ

Saam beweeg ons Suid-Afrika vorentoe

#SendMe #ThumaMina




# NSFAS, WVF skep werksgelentheid vir gegradueerdes

'n **NUWE BEMAGTIGINGSKEMA** sal gegradueerdes aan die werksomgewing blootstel om hulle kanse op 'n permanente werk te verbeter.

## More Matshedis

Omdat werkloosheid onder die jeug in Suid-Afrika 'n voortdurende bekommernis is, het die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) 'n vennootskap met die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) aangegaan om dié uitdaging die hoof te bied. Die twee instansies het onlangs 'n nagraadse program geloods om vir 12 maande aan 50 werklose gegradueerdes werkservaring op verskeie terreine te bied.

Die suksesvolle aansoekers is by NSFAS se kantore

in die Wes-Kaap, aangesel.

NSFAS se administrateur, Dr. Randall Carolissen, sê die inisiatief is daarop gerig om die uitdaging van werkloosheid wat die jeug in die land in die gesig staar, veral begunstigdes van die finansiële hulpfonds, die hoof te bied.

"Ons, as NSFAS, is aan die spits daarvan om aandag aan studente se frustrasies te gee en is die eerstes wat die impak van werkloosheid op gegradueerdes raaksien," sê hy.

Een van die 50 begunstigdes is Luchulumanco Nanto (24), wat in 2018 'n Nasionale Diploma in Rekeningkunde aan die

Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (KSUT) verwerf het.

Hy sê hy het van die program gehoor deur 'n sosiale mediagroep op kampus waaraan hy behoort en waarop hy en medegegradueerdes werksgelentheid deel.

"Ek gaan praktiese kennis opdoen van wat ek studeer het en dit sal my ook vir die realiteit van 'n werksomgewing voorberei," sê Nanto, wat nou vir 'n BTech-graad in Belasting aan die KSUT studeer.

Nanto en sy vier broers en susters is deur 'n enkelma, wat nie kon bekostig om sy universiteitsfooie te betaal nie, grootgemaak.

"My pa is oorlede toe ek net 10 was," sê Nanto, wat van King William's Town in die Oos-Kaap af kom.

Hy het gelukkig 'n beurs by die Staatsagentskap vir Inligtingstechnologie, ontvang.

Nanto moedig jongmense aan om dit te oorweeg om 'n nagraadse program te volg voordat hulle vir permanente werk aansoek doen omdat dit hulle vaardighede en werks-etiek teen die regte tempo sal versterk, terwyl hulle die voordele van blootstelling aan die werksomge-

wing kan geniet. **V**



■ Luchulumanco Nanto.

ooo

# Eastern Cape school better equipped to teach

**THE STATE-OF-THE-ART COMPUTERS** donated to a small school in Mama Albertina Sisulu's home village will open up a world of opportunity for the learners.

## Silusapho Nyanda

Pupils of a rural school in the Eastern Cape rejoiced when their school was given a facelift and received computers.

The 213 pupils of Albertina Sisulu Senior Primary School in Xolobe village in Tsomo, will benefit from the donation of 30 computers, refurbishments and safer classes, thanks to the Industrial Development Corporation (IDC) and the Eastern Cape Department of Education.

"The pupils had to share the old computers we had but now they will be able to work on their own and easily become computer literate," said the school's principal, Nomfuneko Somlotha.

She said the pupils will be better able to access information for their school work and for research, whereas before they relied only on textbooks.

"Visual learning is important because it is easier to remember something that you have seen," Somlotha told *Vuk'uzenzele*.

She said the equipment would also help speed up teaching because pupils could be referred to websites as another mode of learning.

The school was also given added security and furniture upgrades.

Somlotha said the school will use the donated equipment to develop pupils' knowledge beyond the classroom and to open their eyes to the many career paths available to them. **V**



■ Computers donated by the Eastern Cape Department of Education and the Industrial Development Corporation to the Albertina Sisulu Primary School in Tsomo in the Eastern Cape.